HORIZON
DEBT COUNSELLING

Wat is Skuldberading?

Skuldberading is ‘n professionele diens wat geskep is vir skuld-belaaide verbruikers. Die proses word gereguleer deur die Nasionale Kredietwet en bied jou, die verbruiker, groter beskerming teen krediteure wat regstappe wil neem. **Die doel van skuldberading** is om ‘n terugbetalingsplan te ontwikkel wat eerstens bekostigbaar is vir jou, maar ook aanvaarbaar is vir al jou krediteure. Hierdie terugbetalingsplan sal jou steeds in staat stel om jou basiese lewenskostes te handhaaf terwyl jy verminderde paaiemente oor langer termyne aan krediteure terugbetaal. Die proses met die krediteure word deur ons as jou Skuldberaders handteer en beding.

Hoe werk die skuldberadings-proses?

Horizon Debt Counselling doen ‘n analise van jou skuld en lewenskostes en werk saam met jou om al die dokumentasie wat benodig word, saam te stel. Daarna evalueer ons jou vlak van skuld en berei ‘n volledige voorlegging vir jou krediteure voor. Ons sal ook namens jou met die krediteure onderhandel om dan 'n nuwe betalingsplan te implementeer om jou skuld af te los. Ons gee ook dan op ‘n gereelde basis terugvoering van jou saak se vordering en sodra jou skuld afgelos is, sal ons seker maak dat alle Krediet Buro’s ‘n skoon rekord van jou reflekteer.
Jy kan ook sonder enige koste vrywillig onder skuldberading uitgaan sodra jy jou agterstallige skuld ingehaal het en die volle paaiemente weer kan byhou.

Hoe sal Skuldberading my affekteer?

Sodra ons jou krediteure in kennis gestel het van jou aansoek om skuldoorsig, **mag hulle nie enige verdere regstappe neem of bates terugneem** terwyl jy onder skulberading wettige beskerming geniet nie. **Jy sal verminderde, bekostigbare paaiemente betaal** wat jou ook in staat sal stel om eerstens aan jou basiese lewenskoste te voorsien. Terwyl jy uitstaande skuld het en onder skuldberading is, sal jy by Krediet Buro’s gelys word onder "skuldoorsig” en jy sal nie as gevolg van die skuldberading op ‘n “swart lys” geplaas word nie. Gedurende die skuldoorsig proses mag jy net nie enige addisionele skuld, anders as skuld konsolidasie lenings aangaan nie.

Horizon Debt Counselling is PLAASLIKE SKULDBERADERS wat in Delmas/Eloff/Sundra/Gauteng en omliggende areas praktiseer.

Kontak ons gerus en neem die eerste stap na ‘n nuwe begin: Stian / Ebeth,
Tel: 079 780 2513, E-pos: info@horizondc.co.za

PO Box 944
Delmas
2210
Tel: 079 780 2513 | **Fax**: 086 548 4993
Email: info@horizondc.co.za | **Web site**: www.horizondc.co.za